



Kleinfontein Inwoners Vereniging

OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS

Adres: Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001

Web: kivgroep.co.za

E-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

6 Maart 2025

Mnr.S Wiese

Hoof Uitvoerende Beampte

Kleinfontein Aandeleblok Skema

Kleinfontein

1001

AFSKRIF: KA Ouditeur

EIENDOMSBELASTING

Die volgende word hiermee onder u aandag gebring:

1. Die stadsraad van Pretoria is tans besig met die jaarlikse proses om die waardasierol van eiendomme binne sy gebied op te dateer.
2. Grondgebruik van KA se eiendom word op die nuwe waardasierol geklassifiseer as ongemagtigde gebruik.
3. Die gevolg hiervan is dat die belasting op KA se ongemagtigde grondgebruik ingevolge munisipale beleid 7-voudig hef kan word. Volgens berekening kan die rekening vir grondbelasting meer as 2 miljoen rand beloop per maand.


Bestuurslede: H Celliers, P McMenamin, IJ Booysen, JS Stoffberg

4. Die finansiële implikasie van sodanige belasting-verpligting sal katastrofies wees vir die maatskappy se voortbestaan in terme van die lopende saak beginsel.
5. Die gedagte by sekere direkteure dat die beswarende fiskale gevolge van hul misdadige kapitaal-versuime maar by wyse van lede se heffings-rekeninge verhaal kan word is absurd.
6. As gevolg van direkteure se volgehoue misleidende optredes en voortdurende ontkenning van die onwettigheid van Kleinfontein se ontwikkeling, het dit duidelik geword dat die direksie van KA nie met lede se belange vertrou kan word nie.
7. Die misdadige aard van KA se bedryf het tot gevolg dat die geldigheid van kontrakte, asook die afdwingbaarheid van wedersydse prestasies en verpligtinge in terme van die Maatskappywet bevraagteken moet word.
8. Weens ondeursigtige bestuur aangaande die omvang van individuele aandeelhouding, en die versuim om individuele ledebelange in die balansstaat te verklaar, kan daar ook geen vertrouwe by aandeelhouders wees wat betref die regmatigheid van hierdie verpligtinge se toedeling aan lede nie.
9. Die absurde beleid wat aan lede afgesmeer word dat die grond aan die maatskappy behoort terwyl die huise die lede se eiendom sou wees, skep ooglopend verdere dilemmas in hierdie verband aangaande toedeling van verpligtinge. (Probeer gerus om hierdie beleid aan die stadsraad te verduidelik)
10. As gevolg van bogenoemde word u versoek om die direksie van KA soos volg in te lig in terme van KIV se beleid aangaande KA se belastingverpligtinge:
 - a. Geen eiendomsbelasting sal deur KIV lede as verskuldig geag word aan KA sonder n hofbevel in hierdie verband nie. Befondsing van misdaad is nie deel van die KIV se beleid nie.

- b. Eiendomsbelasting sal slegs betaalbaar geag word direk aan die stadsraad van Pretoria indien individuele rekeninge (met individuele waardasies) in hierdie verband direk vanaf die stadsraad ontvang word.
 - c. Munisipale wetgewing maak voorsiening daarvoor dat belanghebbendes kan aandrang daarop om fiskale verpligtinge direk aan die stadsraad na te kom indien die eienaar nie met inwoners se belange vertrou kan word nie.
11. U word verder versoek om binne 5 dae amptelik te reageer op hierdie skrywe, en skriftelik aan te dui op watter wyse die direksie hierdie aangeleentheid gaan hanteer.
12. Die maatskappy beskik nie oor die fondse om hierdie bykomende verpligting van meer as 25 miljoen rand per jaar te betaal nie. Gevolglik bestaan 'n nou ernstige risiko ten aansien van likwidasie van die maatskappy met die gevolg dat aandeelhouers hul huisvesting kan verloor.
13. Hierdie situasie is die direkte gevolg van die kriminele wanbestuur van direkteure en misleidende bemerking wat strek oor dekades.

Let daarop dat direkteure nooit op enige wyse mag optree wat lei tot benadeling van aandeelhouers se belange nie. Sodanige optrede sal waarskynlik lei tot 'n aansoek om toedeling van persoonlike aanspreeklikheid vir direkteure en bestuur in terme van die deliktereg.

Die uwe



Namens KIV Bestuur